# Sonnerad

**NUUSBRIEF** VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS
**NEWSLETTER** OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY

JG 40, NR 2
VOL 40, NO 2

www.savk.org

September 2023




## Wat is nuus? In the news?


Nuus van die Raad / News from the Council

Lief en Leed / Love and Loss

(R)essensie / (Re)view

Museum- en erfenisnuus:

- Toekomsbou Museumteater open
- Erfenisstigting bied grafrestourasie werkswinkel aan
- Kommer oor Melrose-huis
- Toekoms van die Vingerhoedhuisie, Saldanha, in die gedrang
- Winburg ruim Konsentrasie-kampbegraafplaas op
- Vredesverdrag van Vereeniging op 31 Mei herdenk met toer tot in Pretoria


## Redakteursbrief

Erfenismaand is uiteindelik hier! Dit is 'n tyd om ons herkoms te vier, maar ook om weer na te dink oor ons kultuurerfenis wat in gedrang is; soos in Karl Marx se woorde: "Neem 'n nasie se erfenis weg en hulle word maklik oorreed. Neem mense weg van hulle geskiedenis en hulle word maklik beheer."

Lees in dié uitgawe van ons nuusbrief oor ons lede se erfenisnuus en gebeure wat die jaar nog moet plaasvind. Stuur gerus enige erfenisnuus en gebeurtenisse deur die jaar aan Lizette Jansen by lizetteniemand1@gmail.com om in die *Sonnerad* geplaas te word.

## Editor's letter

Heritage month is here at last! It is a time to celebrate our provenance but also to consider our endangered cultural heritage. As in Karl Marx's words: "Take away a nation's heritage and they are more easily persuaded. Keep people from their history, and they are easily controlled."

Read about our members' heritage news and events in the pipe line for this year, in this issue of our newsletter. Please send any heritage news and events to be advertised in the *Sonnerad,* to Lizette Jansen at lizetteniemand1@gmail.com.

# Nuus van die Raad

Die Algemene Jaarvergadering het op 19 Mei 2023 tydens die SAVK se jaarlikse kongres plaasgevind.

Baie geluk aan almal wat op die nuwe SAVK-raad verkies of aangewys is. Die nuwe raad lyk soos volg:

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Matilda Burden |
| Ondervoorsitter: | Kobus du Pisani |
| Sekretaris en lede-sekretaris: | Petra Luus |
| Tesourier: | Leonie Marais |
| Akkreditasie: | Anton van Vollenhoven |
| Tydskrif: | Linda Brink |
| *Sonnerad*: | Lizette Jansen |
| Bemarking en webwerf: | Loudine Phillip |
| Addisionele lede: | Astrid Schwenke |
| | Annemarie Carelsen |
| | Emile Coetzee |

Die SAVK-kongres het van 19 tot 20 Mei 2023 by die Voortrekkermonument, Pretoria, plaasgevind. Die tema van die jaar se kongres was: *Die gesprek tussen die verlede en die hede en die tersaaklikheid daarvan op Kultuurgeskiedenis.* Interessante referate is deur kenners van regoor die land aangebied.

# News from the Council

The Annual General Meeting took place during the SASCH Annual Conference on 19 May 2023.

Congratulations to everyone that has been elected or chosen to serve on the SASCH-council. The council members are as follows:

| | |
|---|---|
| Chairperson: | Matilda Burden |
| Vice Chairperson: | Kobus du Pisani |
| Secretary and Members' Secretary: | Petra Luus |
| Treasurer: | Leonie Marais |
| Accreditation: | Anton van Vollenhoven |
| Journal: | Linda Brink |
| *Sonnerad*: | Lizette Jansen |
| Marketing and website: | Loudine Phillip |
| Additional members: | Astrid Schwenke |
| | Annemarie Carelsen |
| | Emile Coetzee |

The SASCH conference was presented on 19 and 20 May 2023 at the Voortrekker Monument, Pretoria. The theme of this year's congress was: *The dialogue between the past and present and the relevance for Cultural History.* The program was packed with interesting papers presented by experts from across the country.







# Ondervoorsitter lewer referate in die buiteland

Prof. Kobus du Pisani (ondervoorsitter) het in Junie 2023 referate by twee konferensies in die buiteland aangebied.

Die eerste was by die International Society for Cultural History (ISCH) se konferensie oor *Cultural Histories of Empire*, wat van 19 tot 22 Junie in Singapoer gehou is. Dit titel van sy referaat was *Holism and empire: Jan Smuts and the concept of Commonwealth*. Hy het ook eksemplare van die jongste uitgawe van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* aan die voorsitter van die ISCH, prof. Ecaterina Lung, oorhandig vir verspreiding by die konferensie. Die volgende konferensie van die ISCH word van 4 tot 6 September 2024 in Potsdam in Duitsland gehou.

By die konferensie met die tema *Heritages Past and Present, Built and Social: A Conference on Culture, History, Art and Design*, wat van 28 tot 30 Junie in Praag deur die multidissiplinêre organisasie AMPS (*Architecture Media Politics Society*) aangebied is, was die titel van prof. Du Pisani se referaat *Targeted Heritage: The Debate About the Vandalisation of Statues*. AMPS hou weer van 15 tot 17 Julie 2024 'n erfeniskonferensie met die tema *Urban Futures – Cultural Pasts* in Barcelona in Spanje.

---

# Lief en Leed ... Love and Loss

## Aftrede

Na 35-jaar se toewyding aan die Wes-Kaapse Museumdiens het Linda Labuschagne einde Mei 2023 afgetree.




Tussen 1993 en 1995 was Linda Labuschagne George se museumkurator en sy beskou dit as een van die hoogtepunte van haar loopbaan. Sy het die houttema in die museum uitgebrei en 'n suksesvolle uitstalling daargestel, wat sy in 2014 verbeter het. Sy is daarna bevorder tot bestuurder van die Dias-museumkompleks in Mosselbaai, waar sy tot 2002 werksaam was en haar passie vir maritieme geskiedenis kon uitleef. In 2002 is sy aangestel as die navorsingskurator vir museums in die Suid-Kaap en Klein-Karoo.

Ons dra ons dank aan Linda Labuschagne oor vir al die jare se harde werk wat sy verrig het.

# Retirement

After 35 years' dedication to the Western Cape Museum Services, Linda Labuschagne retired at the end of May 2023.


According to Labuschagne, one of the highlights of her career was as George's museum curator from 1993 to 1995. She expanded the museum's wood collection and successfully furnished an exhibit, which she updated in 2014.

She served as the manager of the Dias Museum Complex in Mossel Bay from 1996 to 2002, where she was able to practice her passion for maritime history. In 2002 she was appointed as the research curator for the museums of the Southern Cape and Little Karoo.

We thank Linda Labuschagne for the years of hard work and accomplishments.

# In Memoriam

Ons neem afskeid van historikus en skrywer, dr. Dan Sleigh (1938 - 2023). Sleigh het op 29 Julie 2023 op die ouderdom van 83 jaar in sy huis op Pinelands, Kaapstad, oorlede.


Dr. Dan Sleigh

Sleigh is bekend vir publikasies soos *Duif oor water* (1971, poësie), *Eilande* (2002, roman), *Afstande* (2010, roman) en *Wals met Matilda* (2012, roman). Hy het ook nie-fiksie boeke geskryf met 'n historiese fokus, soos *Jan Kompanjie: die wêreld van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie* (1978), *Ruiters teen die Ryk: die verhaal van die Tweede Vryheidsoorlog (1979), The Huguenots (1988), en Die aanslag op die slaweskip Meermin, 1766 (2012).*

Sleigh het verskeie toekennings vir sy literêre werke verower, soos die W.A. Hofmeyr-prys, die Universiteit van Johannesburg-prys, MNet-prys, die Helgaard Steyn-prys, die Suid-Afrikaanse Letterkundetoekennings se K. Sello Duiker-prys en die ATKV-prosaprys.

We say goodbye to historian and author, Dr. Dan Sleigh (1938 - 2023). Sleigh died on 29 July 2023 at the age of 83 in his house in Pinelands, Cape Town.

Sleigh is renowned for publications such as *Duif oor water* (1971, poetry), *Eilande* (2002, novel) and novels such as *Afstande* (2010, novel), and *Wals met Matilda* (2012, novel). He also published non-fiction books on historical topics, like *Jan Kompanjie: die wêreld van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie* (1978), *Ruiters teen die Ryk: die verhaal van die Tweede Vryheidsoorlog* (1979), *The Huguenots* (1988), and *Die Aanslag op die Slaweskip Meermin, 1766* (2012).

Sleigh received various awards for this literary works like the W.A. Hofmeyr Award, the University of Johannesburg Award, MNet Award, the Helgaard Steyn Award, the South Africa Literary Awards' K. Sello Duiker Award, and the ATKV Prose Award.

---

## Gelukwense

Ons wens dr. Jan-M. Goris van Herentals, België, gelukg, wat onlangs die redigering van *Transvaal, de Vlaamse Boerenbeweging en België (de Belgische regering en Leopold II) een driehoeksgeval (1895/1896 - 1902)* hervat het. Dit is die voorsetting van sy doktorale proefskrif: *België en de Boerenrepublieken - Belgisch-Zuid-Afrikaanse betrekkingen (ca. 1835 - 1895)*, Retie, 1983, 620 pp.

## Congratulations

We congratulate Dr. Jan-M. Goris from Herentals, Belgium, who recently resumed editing "*Transvaal, de Vlaamse Boerenbeweging en België (de Belgische regering en Leopold II) een driehoeksgeval (1895/1896 - 1902)*". It is a continuation of his doctoral thesis: *België en de Boerenrepublieken - Belgisch-Zuid-Afrikaanse betrekkingen (ca. 1835 - 1895),* Retie, 1983, 620 pp.

---

# (R)essensie / (Re)view

deur Emile Coetzee

Die vorige uitgawe het vyf boekresensies bevat. Die skryf van boekresensies is voordelig vir uitgewers omdat hulle publikasies se akkuraatheid en kwaliteit onder meer bespreek word, wat natuurlik tot groter bewusmaking lei. Dit help ook die skrywer van 'n boek wie se repertoire dan verder uitgebrei word. Vanselfsprekend trek die resensente ook voordeel uit die publisering van hul resensies in geakkrediteerde joernale. Juis vir jong akademici is die verskeining van 'n resensie 'n goeie aansporing.

In die Junie 2023 uitgawe het die Noordwes-Universiteit (NWU) uitnemend tot die boekresensies bygedra. Mnr. Robert Uys van die NWU het sy eerste boekresensie gepubliseer deur Chris Broodryk (red.) se nuutste boek Public Intellectuals in South Africa: Critical voices from the past (Wits University Press, 2021) bondig te bespreek. Uys skryf onder meer:

*The term 'public intellectual' is ambiguous and 'public intellectuals' are often perceived to be individuals who are not synchronised with reality and the world beyond the ivory (and ebony) towers of academia. This edited volume seeks to challenge the perception as a misconception. Public intellectualism, particularly in South Africa, extends much further than musty offices of university buildings. South Africa's historical context has resulted in the development of intellectual communities outside the restrictive confines of government-funded universities. The collection of essays delves into South Africa's rich intellectual history, focussing on often underrepresented or neglected intellectuals.*

'n Ervare boekresensie-skrywer, prof. Anton van Vollenhoven (ook verbonde aan die NWU), het in hierdie uitgawe sy mening oor Simon Green se veldgids *Anglo-Boer War Blockhouses – a Field Guide* (Porcupine Press, 2022) gelewer:

*The Field Guide, a companion to Anglo-Boer War Blockhouses – A Military Engineer's Perspective, is an extensive review of the remaining blockhouses in South Africa. As a first-of-its-kind, it could serve as a guide for professional guides and amateurs alike. Its aim is twofold: to put the blockhouse sites on the battlefield tour map as part of longer journeys, and to encourage detailed study of these military structures.*

Emile Coetzee, ook van die NWU, het die voorreg gehad om Henning van Aswegen, 'n kundige van Suid-Afrikaanse intelligensie-geskiedenis, se boek *Spioenmeesters: Vriende, vyande en verraaiers van die 20ste eeu* (Kraal Uitgewers, 2022) die aandag te gee wat dit verdien. Dit is duidelik uit Coetzee se resensie dat Van Aswegen se werk hom beïndruk het. Coetzee skryf:

*Die boek bestaan uit 18 hoofstukke wat oor verskillende spioene se lewensverhale handel. Die boek is dus 'n versameling mini-biografieë wat deur 'n bylaag met spioenasieterminologie ondersteun word. Dit is besonders om die woorde van spioene te kan naslaan en die lingua franca van die geheimsinniges te bemeester. Dit was 'n goeie idee van Van Aswegen om dit by te voeg. Relevante foto's of ander visuele insetsels soos kaarte of koerantuitknipsels voeg waarde toe tot die boek. Elke hoofstuk voel soos 'n historiese*

*dossier wat oopgemaak word en die inligting van vervloë dae word vir die eerste keer weer behoorlik bestudeer.*

Die meesterhistorikus, Hans Heese, het 'n netjiese resensie oor Nicol Stassen se boek *Van Humpata tot Upingtonia* (Protea Boekhuis, 2021) vir die tydskrif gelewer. Heese skryf:

*Stassen se jongste publikasie, Van Humpata tot Upingtonia, kan as 'n opvolg vir sy glanspublikasie, Die Dorslandtrek, 1874–1881 (2015) beskou word. Hierdie koffietafelboekformaat, met sy talryke Thomas Baines-portrette en Portugese poskaarte oor ossewaens, wat uit die negentiende en vroeg twintigste eeu dateer en in kleur gedruk is, is bedrieglik. Dit is véél meer as 'n mooi boek met uitstekende illustrasies. Die inhoud van hierdie boek getuig van diepgaande historiese navorsing en die ontginning van bronne waarvan bitter weinig, indien enige, historici bewus is.*

*Krygsgevangenekuns in die Anglo-Boereoorlog* (Protea Boekhuis, 2022) deur Vicky Heunis is deur prof. Andre Wessels (verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat) geresenseer. Die uitnemendheid van Heunis se werk word soos volg deur Wessels bespreek:


*In Krygsgevangenekuns in die Anglo-Boereoorlog word die kuns wat deur Boerekrygsgevangenes vervaardig is, vanuit 'n kultuurhistoriese perspektief benader. Dit vul inderdaad 'n belangrike leemte in die historiografie van die Anglo-Boereoorlog, en is tegelyk 'n besondere en kosbare bydrae tot die Afrikaner se kultuurgeskiedenis. Die boek is pragtig uitgelê en in 'n duursame formaat deur Protea Boekhuis gepubliseer; nogmaals 'n pluimpie vir Nicol Stassen en sy Protea Boekhuis-span. Hierdie is 'n versamelstuk wat "deel móét uitmaak van enige noemenswaardige Africana-versameling, maar ook met trots op enige ander boekrak sal pryk. Dit is egter ook 'n boek wat beslis nie stof op 'n rak sal vergaar nie, want die teks kan gereeld vir verskeie doeleindes geraadpleeg word, terwyl die pragtige foto's en al die ander illustrasies daarin herhaaldelik waardeer kan word.*

**Besonderhede oor elke geresenseerde boek verskyn bo-aan elke resensie. Indien 'n lid graag 'n boek wil resenseer wat nog nie geresenseer is nie en gedurende die laaste drie jaar gepubliseer is, kan die boekresensie-redakteur, mnr. Emile Coetzee, via e-pos gekontak word (e-pos hieronder). Indien u sou belangstel om die volgende boek te resenseer, kontak Emile Coetzee gerus:**

Natasha Erlank. *Convening Black intimacy: Christianity, Gender and Tradition in Early Twentieth-Century South Africa* (WITS University Press, 2022).

**Emile Coetzee se e-posadres is: emile.coetzee@nwu.ac.za**

**Boeke word via koerier na die belangstellende resensent gestuur wat 12 maande het om die boek te resenseer en die resensie aan Emile te stuur.**



# Toekomsbou Museumteater open

deur Lizette Jansen

'n Nuwe permanente uitstalling in die Erfenissentrum genaamd Toekomsbou Museumteater, wat teater met 'n tradisionele museum-uitstalling versmelt, is op 23 Junie 2023 geopen. Die temas van uitstalling sluit in: toekomsbou, genealogie, en Afrikaner geskiedenis van 1902 tot die hede uit die oogpunt van die vrou.

"Die museumteater is 'n unieke manier om die geskiedenis te vertel. Geskiedenis is nog nooit in Suid-Afrika of Afrika op hierdie manier vertel nie," aldus dr. Danie Langner, besturende direkteur van die Voortrekkermonument. "Die idee van hierdie museumteater is om geskiedenis 'n lewendige werklikheid te maak vir mense en hulle ook deel te maak van die geskiedenis."

Die toeskouer word van vertrek na vertrek geneem waar die geskiedenis op 'n interaktiewe en teatrale wyse vertolk word. Karla Hoogendoorn en Eduan Naudé vertolk dié rolle. Tydens die reis deur sy familie se verlede beantwoord die verteller die vraag waarmee die jeug gekonfronteer word: "Wie is ek?"

Binne 'n tydsbestek van 120 minute kan 120 jaar se Afrikanergeskiedenis deur 12 tonele op 'n prettige, interaktiewe wyse geleer word.

Die publiek kan reeds hulle plek bespreek deur hierdie skakel te volg: www.vtm.org.za of deur 'n e-pos te stuur aan besprekings@kultuurtuiste.org.za.




















# Die Erfenisstigting bied grafrestourasiewerkswinkel aan

deur FC Pelser

Op 3 Augustus het verteenwoordigers van verskeie kultuur- en erfenisorganisasies by die Voortrekkermonument bymekaar gekom vir ’n werkswinkel oor die bestuur, bewaring en beskerming van historiese grafte, aangebied deur die Erfenisstigting (ES). Hierdie werkswinkel is deel van ’n erfenisbewaringsprojek wat vroeër vanjaar deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) aangepak is met verskeie organisasies wat kragte saamspan om die bestuur van die Heldeakker in Pretoria te onderneem.

Prof. Anton van Vollenhoven, argeoloog en VTM-direksielid het ’n deel van die werkswinkel aangebied en sê dit is belangrik om te weet watter prosedures om te volg wanneer dit kom by erfenisbewaring. Tydens sy gesprek het Van Vollenhoven groot klem geplaas op kultuurhistoriese hulpbronne en hoe hierdie hulpbronne, soos historiese grafte, deur wetgewing beskerm word.

Leonie Marais, museumkurator en erfenispraktisyn het by Van Vollenhoven aangesluit om hierdie opleidingsessie aan te bied. Tydens haar voorlegging het sy die organisasies toegespreek oor hoe om grafte en erfenishulpbronne op die regte manier skoon te maak en te onderhou.

Frans de Klerk, wat die opleidingsessie bygewoon het, vertel dat dit uiters insiggewend was.
'n Mens besef nie hoeveel skade alledaagse goed, soos sproeiers aan 'n graf kan doen nie. Ek dink daar is heelwat mense wat in hul onskuld en onkunde probeer om grafte skoon te maak en dan onwetend meer skade aanrig. Dit is wonderlik om te kan kers opsteek by kenners om meer te leer oor hoe dit werk, verál wanneer 'n mens betrokke raak by projekte soos dié.

Lizette Jansen, bestuurder van die ES, sê erfenisbewaring is vir die organisasie van onskatbare belang en daarom het hulle besluit om deel te word van die projek en hierdie werkswinkel aan te bied. *Die Erfenisstigting het hierdie grafrestourasiewerkswinkel gereël vir die organisasies wat betrokke is by die FAK se Heldeakkerprojek,” sê sy. “Dit is vir ons belangrik dat almal wat by sulke projekte betrokke is, deeglik kennis dra van die wetgewing en hoe om te werk te gaan wanneer grafte gerestoureer of selfs net skoongemaak moet word, sodat 'n mens die regte metodes gebruik en nie onwetend ons erfenisskatte dalk meer beskadig nie.*



# Erfenisaksies van AfriForum

deur Alana Bailey

## Kommer oor die Melrose-huis

Groot kommer heers in Pretoria oor die toekoms van die historiese Melrose-huis. Volgens ’n kennisgewing op die voordeur is die huis vir ’n onbepaalde tyd gesluit. Dit blyk dat die interieur vroeër vanjaar groot waterskade opgedoen het. Ewe ontstellend is die tekens van verwaarlosing wat buite die gebou sigbaar is – van die leë visdammetjie tot verbrokkelende vensterrame, roes op metaaloppervlakke, beskadigde geute, asook die behoefte aan verf oraloor. Onderhoud is duidelik dringend nodig. Melrose-huis is ’n juweel in die erfenislandskap van Pretoria en moet ten alle koste bewaar word. Instellings soos AfriForum eis antwoorde van die Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit, maar het nog geen reaksie ontvang nie.


Melrose-huis






## Toekoms van die Vingerhoedhuisie, Saldanha, in die gedrang


Vingerhoedhuisie

Vir besoekers aan en inwoners van Saldanha is die Vingerhoedhuisie op die hoek van Kamp- en Manitokastraat ’n bekende baken. Daar is egter nou planne om die huisie te sloop en woonstelle op die erf te bou. Vir sommige inwoners is dit baie hartseer nuus. Die gebou mag argitektonies nie van unieke waarde wees nie, maar die herinneringe aan die huisie, die kleurryke inwoners daarvan en die vele gebruike waarvoor dit al aangewend is, is ’n kosbare deel van die omgewing se kultuurgeskiedenis.

Skynbaar is die erf waarop die huisie staan, in 1914 deur die Saldanhabaai-hawe en Spoorwegmaatskappy bekom. Op Facebook deel die mense van Saldanha onder meer herinneringe oor die tyd toe die Tolkens twee melkkoeie daar aangehou het en ’n melkery daar bedryf het.

Dan was daar ook die Sadies. Hulle het sedert die 1800's op twee aangrensende plase in die omgewing, naamlik Agterklipvlei en Voorklipvlei, geboer. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het hulle die plase verlaat (dit klink asof dit toe deur die weermag in gebruik geneem is) en die kinders moes ’n tyd lank by hul ouma in die Vingerhoedhuisie bly. In die 1960's het die Binnemans daar gewoon. Oom Daantjie Binneman het hare gesny. Sy seun, Royston, het die jongelinge van die buurt se oë laat blink met sy motorfietse. Hy was skynbaar ’n spoedvraat wat noue ontkomings met sy ysterperde gehad het en ook slange aangehou het.
Hopelik kan die Vingerhoedhuisie, of ten minste die herinneringe daaraan, vir die nageslag behoue bly. Enige foto’s of inligting daaroor kan gestuur word aan saldanhanature@gmail.com.

## Winburg ruim konsentrasiekampbegraafplaas op

Op Konsentrasiekampdag (16 Junie) het inwoners van Winburg die konsentrasiekampbegraafplaas skoongemaak. Lede van AfriForum en die FAK het die dag se verrigtinge gereël. Die begraafplaas was jare lank deel van ’n hofgeding wat deur die inwoners, AfriForum en Erfenisstigting teen die Masilonyana-munisipaliteit gevoer is weens die munisipaliteit se versuim om die pad daarheen te onderhou en dit teen gruisgrawery en rommelstorting te beskerm. In 2016 is ’n skikking met die munisipaliteit tot bevel van die Hoër Hof gemaak om te verseker dat dit beter bewaar sal word, maar steeds het die terrein onder rommelstorting deurgeloop. Die afgelope jaar is die inwoners in samewerking met die genoemde instellings egter besig om dit in stand te hou. Byeenkomste soos dié van 16 Junie sal hopelik meer mense aanmoedig om aktief by die onderhoud daarvan betrokke te raak.





# Vredesverdrag van Vereeniging op 31 Mei herdenk met toer tot in Pretoria


Krans gelê by Melrose Huis


Freddie Peters en Barry Müller voor die Voortrekker-monument

Op 31 Mei 2023 het Freddie Peters en Barry Müller (FAK) andermaal 'n program gereël om die ondertekening van die Verdrag van Vereeniging (beter bekend as die Vrede van Vereeniging) waarmee die Anglo-Boereoorlog op 31 Mei 1902 ten einde gebring is, te herdenk. Mnr. Peters sorg al sedert 2012 dat dit jaarliks só in herinnering geroep word. Belangstellendes en die verteenwoordigers van verskeie organisasies het die verrigtinge bygewoon. Die program het die oggend van 31 Mei 2023 met 'n byeenkoms by die onderhandelingsterrein by Vereeniging begin. Daarna is die Vredesmonument in Vereeniging, asook die Witkop-blokhuis langs die R59 besoek. Na afloop van 'n diens in die Russiese Kerk se gedenkkapel in Midrand, is daar na Melrose-huis in Pretoria vertrek, waar 'n kranslegging voor die eetkamer waar die verdrag onderteken is, plaasgevind het. Die verrigtinge het laatmiddag op die trappe van die Voortrekkermonument met nog 'n kranslegging ten einde geloop, waarna almal verversings geniet het voordat hulle huiswaarts gekeer het. 'n Video oor die gebeure is beskikbaar by https://www.youtube.com/watch?v=i_qgxQUVuNc&t=8s.

---

Hierdie uitgawe van die *Sonnerad* is saamgestel en versorg deur Lizette Jansen.
Taalversorgers: Estelle Pretorius (Afrikaans)
Cecilia Kruger (Engels)

Die Sekretaris
SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis
Posbus 11403
Hatfield
0028
RSA
petra@kultuurtuiste.org.za

The Secretary
SA Society for Cultural History
Po Box 11403
Hatfield
0028
RSA
petra@kultuurtuiste.org.za